Nuusbrief 04 / 01 Maart 2024

MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKER

Respek / Respect · Authentic / Oorspronklik · Kreatief / Creative · Kommunikasie / Communication · Entoesiasme / Enthusiastic · Responsibility / Verantwoordelikheid

"Wees geduldig. Alle dinge is moeilik voordat dit maklik word"

## Uit die Hoof se Kantoor

Beste Ouers

Die Midstream Skole sal eersdaags 'n gesamentlike skrywe rondom die *Bela Wet* aan ouers rig. Wees verseker dat daar op hierdie stadium geen rede tot kommer is nie.

Maart is 'n propvol maand met die heerlike vooruitsig aan 'n vakansie aan die einde daarvan. Ons jaarlikse Opedag is om die draai. Vertel asb. aan al u vriende en familie van hierdie spogdag. Ons wil graag soveel as moontlik voete op die skoolterrein beleef sodat ons kan spog met ons pragtige skool. Dié geleentheid vind op Woensdag 6 Maart plaas.
Op Vrydag 15 Maart, is dit MRP se 10-jaar verjaarsdagviering in die vorm van ons karnaval. Dit beloof om vir oud en jonk 'n dag vol pret en plesier te wees. Almal is welkom.

Ons het ons advertensies vir Maart aan die einde van ons nuusbrief geplaas. Neem asseblief kennis daarvan.

## INLIGTING

- Landloop 2024
- Kalender ~ Maart 2024
- Sport & Kultuurkalender 2024
- MC Hoërskool Opedag

SpringFest @ MIDSTREAM COLLEGE

**SPRINGFEST 7 SEPTEMBER 2024**

Ons is volstoom besig met die beplanning van SpringFest 2024 wat op Saterdag 7 September, plaasvind. Indien u bereid is om betrokke te raak en met die organisasie van die fees te help, word u vriendelik versoek om asseblief vir Chantell Becker te kontak by cbecker@midstreamcollege.co.za



